**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 JULIE 2023 OM 08:38 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | |
|---|---|---|
| Rdh. MA Wessels | [DA] : | Uitvoerende Onderburgemeester *(waarnemende Voorsitter)* |
| Rdh. A de Vries | [DA] : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] : | Lid van Burgemeesterskomitee |

## ANDER RAADSLEDE

| | | |
|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] : | Speaker *(sluit aan om 08:41)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. M Crous | : | Bestuurder: Inkomste *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. S Lombard | : | Voldoeningsbeampte |
| Mnr. C Davids | : | Hoof: Strategiese Dienste |
| Mnr. J Erasmus | : | Senior Superintendent: Elektries (Porterville) *(sluit aan om 09:40)* |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

## ANDER

| | | |
|---|---|---|
| Rdh. Eric Verbist | : | Heist-op-den-Berg Delegasie |
| Me. Lotte Jaspers | : | Heist-op-den-Berg Delegasie |
| Me. Merel van Paesschen | : | Heist-op-den-Berg Delegasie |

***

**AKSIE**

**BKN018/07/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die waarnemende Voorsitter bied verskoning aan dat die vergadering laat begin het, waarna hy almal verwelkom by die vergadering. Raadslid Daniels open die vergadering met 'n gebed.

Die waarnemende Voorsitter en Munisipale Bestuurder meld dat die Uitvoerende Burgemeester tans siek en gehospitaliseer is en word hy sterkte toegewens in hierdie tyd. Soos per delegasie staan die Uitvoerende Onderburgemeester vir hom in.

***(Die Speaker sluit om 08:41 aan by die vergadering)***

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die delegasie van Heist-op-den-Berg.

***

**BKN019/07/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester - afwesig met verskoning
Bestuurder: Strategiese Dienste - afwesig met verskoning (Finansiële opleiding)
Waarnemende Direkteur Finansiële Dienste - afwesig met verskoning (Finansiële opleiding)

***

**BKN020/07/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN021/07/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 20 JUNIE 2023 EN DINSDAG 27 JUNIE 2023**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notules van die vergaderings, soos gehou op Dinsdag 20 Junie 2023 en Dinsdag 27 Junie 2023, bekragtig word.

***KLERK: KOMITEES (V WILLEMS)***

***

**BKN022/07/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DINSDAG 20 JUNIE 2023 EN DINSDAG 27 JUNIE 2023**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergaderings, soos gehou op Dinsdag 20 Junie 2023 en Dinsdag 27 Junie 2023.

***

**BKN023/07/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN024/07/2023**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item in en gee kortliks terugvoer.

Addisionele inligting en terugvoer word gelewer deur die Munisipale Bestuurder rakende klagte 21 in die verslag.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN025/07/2023**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat die inhuldigingsproses van die nuutverkose Raadslid, mnr. A Isaacs, plaasvind by die Raadsvergadering soos geskeduleer vir (vandag) Dinsdag 25 Julie 2023 om 14:00;
- Dat die Uitvoerende Onderburgemeester, Munisipale Bestuurder, die Hoof: Siviele Dienste (Porterville) en die delegasie van Heist-op-den-Berg die "Conference South African International Municipal Cooperation" (WWSG-konferensie) bygewoon het en dat 'n dringende item voorgelê gaan word vir oorweging rakende Bergrivier Munisipaliteit en Heist-op-den-Berg se gesamentlike voorstelle oor die pad vorentoe;
- Dat die delegasie van Heist-op-den-Berg die Raadsvergadering om 14:00 gaan bywoon en dat Raadsheer Eric Verbist 'n geleentheid gegun gaan word om die vergadering toe te spreek; en
- Dat die Hoof: Strategiese Dienste, mnr. C Davids, op vervroegde aftrede gaan na 7 jaar diens gelewer aan Bergrivier Munisipaliteit en die publiek. Sy wens hom sterkte en voorspoed toe met sy vervroegde aftrede waarna die Komiteelede hom 'n handeklap gee. Die Munisipale Bestuurder gee

geleentheid aan die Hoof: Strategiese Dienste om 'n afskeidswoord en 'n woord van dank aan almal te rig.

**KENNIS GENEEM**

***

***(Die Hoof: Strategiese Dienste verlaat die vergadering om 09:04)***

**BKN026/07/2023**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: INTRODUCTION OF DELEGATION</u>**
**3/3/1/5**

Die waarnemende Voorsitter gee geleentheid aan die afvaardigings van Heist-op-den-Berg om hul aan die vergadering bekend te stel waarna die Raadslede en Amptenare hul aan die afvaardiging voorstel.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN027/07/2023**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN028/07/2023**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: VOORLEGGING / BESPREKING 2022/23 BEGROTING</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Augustus 2023, vir bespreking.

***

**BKN029/07/2023**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: HERWINNING / KOMPOSTERING</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Augustus 2023, vir bespreking.

***

**BKN030/07/2023**
**<u>DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: DIENSLEWERINGSKWESSIES</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Augustus 2023, vir bespreking.

***

**BKN031/07/2023**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: STEDEBAND TUSSEN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT EN HEIST-OP-DEN-BERG SE GESAMENTLIKE VOORSTELLE OOR DIE PAD VORENTOE**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat spanwerk tussen Bergrivier Munisipaliteit en Heist-op-den-Berg se personeel bevorder word en dat kwesbare groepe geïdentifiseer en deel vorm van die Stedeband.

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee approves the in-principle decision regarding the framework and general directions on the way forward with the Stedeband;
2. That the signed contract of Bergrivier Municipality's and Heist-Op-Den-Berg's needs to be detailed and updated; and
3. That Me. Merel van Paesschen be tasked to schedule a meeting with the respective Councillors and officials of Bergrivier Municipality and Heist-op-den-Berg in September 2023, to discuss the full details regarding the way forward with the Stedeband.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

***(Me. Lotte Jaspers en Me. Merel van Paesschen verlaat die vergadering met toestemming om 09:37)***

**BKN032/07/2023**
**VYFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: ELEKTRIESE NETWERKE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur: Tegniese Dienste.

***(Die Senior Superintendent: Elektries (Porterville) sluit om 09:40 aan by die vergadering)***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die elektriese netwerke verslag; en
2. Dat 'n vergelyking gedoen word om die koste-implikasie te kry ten opsigte van die oorskrydingskoste maandeliks teenoor die aanvraag verhoging van die elektrisiteit kapasiteit per dorp en insluit in die verslag.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

***(Die Senior Superintendent: Elektries (Porterville) verlaat die vergadering met toestemming om 10:19)***

**BKN033/07/2023**
**DRAFT CALENDAR FOR 2023/24 FINANCIAL YEAR**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in en meld dat die voorbereiding van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Vrydag 15 September 2023, by die bespreking van die Uitvoerende Burgemeester en

Direkteure soos geskeduleer vir Maandag 18 September 2023, geïnkorporeer word.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat daar steeds veranderinge by die interne vergaderings, wat met die sterretjies aangedui word, gemaak kan word.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council approves the draft Calendar for the 2023/24 financial year, with the above-mentioned amendment.

***

**BKN034/07/2023**
**2022/23 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 4: 01 APRIL – 30 JUNE 2023 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That the quarterly performance report for Quarter 4 (01 April - 30 June 2023) be noted;
2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003; and
3. That it be noted that all information and figures contained in this report are provisional and may change pending the finalization of the Annual Financial Statements at the end of August 2023.

***

**BKN035/07/2023**
**JEUGUITRUIL-PROGRAM TUSSEN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT EN HEIST-OP-DEN-BERG: 27 MAART – 06 APRIL 2023**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die Jeuguitruil-program tussen Bergrivier Munisipaliteit en Heist-Op-Den-Berg: 27 Maart 2023 – 06 April 2023.

***

**BKN036/07/2023**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: JUNE 2023**
**12/2/2/21**

Die Interne Ouditeur lei die item kortliks in.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for June 2023.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN037/07/2023**
**MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) 5 YEAR MSDF 2024 - 2029: STATUS QUO**
**15/1/5/9**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die insette verkry is rakende die behuisingspyplyn en dat dit aan die konsultant, CK Rumboll & Partners (Planning), voorsien is.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat insette vanaf die onderskeie Provinsiale Departemente met verwysing na strategiese dokumente, belangrik is, maar dikwels ontbreek.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

That Council adopt the status quo compiled by CK Rumboll & Partners (Planning) for the compilation of the Bergrivier Municipality: Municipal Spatial Development Framework 2024-2029 as required in terms of Section 6(2) of the Bergrivier Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020.

***

**BKN038/07/2023**
**DRAFT AMENDMENTS TO THE BY-LAW RELATING TO CONTROL OF UNDERTAKINGS THAT SELL LIQUOR TO THE PUBLIC, 2018.**
**1/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**RESOLVED**

That the item be withdrawn and tabled at the next Corporate Services Committee meeting scheduled for Wednesday 02 August 2023, for further discussion.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**BKN039/07/2023**
**PASSING OF BERGRIVIER MUNICIPALITY: BY-LAW RELATING TO THE BERG RIVER ESTUARY USAGE ZONES**
**17/12/8**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Korporatiewe Dienste en Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur.

Die Speaker versoek dat enige inligting/kommunikasie/insette vanaf die onderskeie departemente rakende die publieke deelname proses wat deur die publiek verkry is, aan hom gekommunikeer moet word.

**RECOMMENDED: TO BE APPROVED BY COUNCIL**

1. That the contents of the report be noted;
2. That in terms of section 156(2) of the Constitution read with section 11(3)*(m)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the *Bergrivier Municipality: By-law Relating to the Bergrivier Estuary Usage Zones*, attached as **Annexure D**, be passed;

3. That in terms of section 13*(a)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the *Bergrivier Municipality: By-law relating to the Bergrivier Estuary Usage Zones,* attached as **Annexure D**, be published and come into effect on date of publication;
4. That the delegations applicable to the *Bergrivier Municipality: By-law Relating to the Bergrivier Estuary Usage Zones*, attached as **Annexure E**, be approved; and
5. That Council note the list of Offences and Fines, as was approved by the Magistrate, attached as **Annexure F.**

***

**BKN040/07/2023**
**<u>WYSIGING VAN DIE INDIENSNEMINGSBELEID</u>**
**2/B**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Augustus 2023, vir bespreking.

***

**BKN041/07/2023**
**<u>NOTULES VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 07 FEBRUARIE 2023, DINSDAG 07 MAART 2023, DINSDAG 04 APRIL 2023 EN DINSDAG 02 MEI 2023</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Augustus 2023, vir bespreking.

***

**BKN042/07/2023**
**<u>NOTULES VAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 07 FEBRUARIE 2023, DINSDAG 07 MAART 2023, DINSDAG 04 APRIL 2023 EN DINSDAG 02 MEI 2023</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Augustus 2023, vir bespreking.

***

**BKN043/07/2023**
**<u>NOTULES VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 08 FEBRUARIE 2023, WOENSDAG 08 MAART 2023, WOENSDAG 05 APRIL 2023 EN WOENSDAG 03 MEI 2023</u>**
**9/1/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Augustus 2023, vir bespreking.

***

**BKN044/07/2023**
**NOTULES VAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 08 FEBRUARIE 2023, WOENSDAG 08 MAART 2023, WOENSDAG 05 APRIL 2023 EN WOENSDAG 03 MEI 2023**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Augustus 2023, vir bespreking.

***

**BKN045/07/2023**
**NOTULES VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE VIR KENNISNAME: DONDERDAG 09 FEBRUARIE 2023, DONDERDAG 09 MAART 2023, DONDERDAG 06 APRIL 2023 EN MAANDAG 08 MEI 2023**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item oorstaan tot die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 22 Augustus 2023, vir bespreking.

***

**BKN046/07/2023**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN047/07/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Op navraag van die waarnemende Voorsitter rakende 'n dringende item vanaf die Finansiële Dienste departement meld Raadslid Daniels dat die "unaudited" uitgawes nog nie gefinaliseer is nie. Die Munisipale Bestuurder meld dat die "draft Audited Financial Statements" moontlik teen Vrydag 18 Augustus beskikbaar sal wees en daarna aan die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee versprei sal word vir insette en bespreking.)***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:03***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ___________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***